





Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 30 April 1947. Nr. 22.

Geen Vrede

Die konferensie van ministers van buitelandse sake in Moskou, wat die vrede met Duitsland en Oostenryk moes bep'lan, het verlede week ten einde geloop sonder dat enige ooreenstemming bereik is. Die Russe was stug en ontoegeeflik op alle belangrike en onbelangrike punte.


Hoewel genl. Marshall en Bevin volgens die pers sou gesê het dat hulle nog hoopvol is oor die toekoms, beteken hierdie mislukking inderdaad dat Europa in twee politieke en militêre kampe bevries is, wat die verhoudinge en agterdog tussen Oos en Wes by die dag sal laat toenem.

Dit is dan ook reeds bekend dat Rusland besig is om sy Duitse krygsgevangenes in die Rooi Leër te stop. Duitse krygsgevangenes in Suid-Afrika wie



Bevin

standighede na Duitsland terug te keer nie, aangesien die Russe Duitse seuns wat militêre ouderdom bereik, opkommandeer vir opleiding in Rusland.



Marshall

se familie in die Russiese besittingsgebied verkeer, het dringende versoeke van hul huise ontvang om in geen om-

Bornmann Nog In Lewe

Sapa-Reuter berig dat die Britse polisie opdrag aan alle vliegvelde, veral in Egipte, gegee het om op die uitkyk te wees vir Martin Bornmann, Hitler se adjunk, wat deur die Neurenbergse hof in sy afwesigheid ter dood veroordeel is. Die vermoede het voorheen bestaan dat Bornmann in Berlyn gedood is voor die einde van die oorlog.

(Vervolg van kolom 5)

O.B.-kommandant en O.B.-kommandante, u taak is om te sorg dat die jeug wat reeds aan die werk is, of wat in die nabye toekoms aan die werk kom, ingeskakel is in u organisasie... en wel as UITERS BELANGRIKE DEEL VAN DAARDIE ORGANISASIE.

MAAK STERK DIE OSSEWABRANDWAG VAN MÔRE EN OORMÔRE.

MAAK STERK DIE BOEREJEUG!

J. F. van Rensburg.

O.B. MOET FAKKEL EENDAG OORHANDIG ... AAN WIE?

K.G. oor Betekenis van Jeug

Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, rig onderstaande oproep aan ouers en offisiere van die Ossewabrandwag:

„Die stryd wat ons vaders begin het, Sal woed tot ons sterf of gewin het.”

Bostaande besieling van die digter het vir die lede van die Afrikaner-Strydbeweging, die Ossewabrandwag, besondere betekenis. Aan die een kant omdat daardie lied en daardie woorde op 'n geskiedkundige oomblik deur agt-en-veertig van ons kamerade wat in lewensgevaar verkeer het uit volle bors gesing is, toe hulle in die ondergrondse gevangenis van die Magistraatshof te Johannesburg op aanklag van hoogverraad gelê het. Onder daardie omstandighede was die „Lied van Jong Suid-Afrika” werklik 'n bekentenis dat hulle hul O.B.- en S.J.-eed gestand gaan doen. Met die „Lied van Jong Suid-Afrika” op die lippe het hulle hulself op die altaar van die Afrikanervryheid gelê.

Maar ook verder as daardie agt-en-veertig man strek die betekenis van die gedagte wat in die lied behels is.

OORHANDIG

Geen volk se stryd het inhoud

en betekenis as dit nie op die jeug van daardie volk gemik is nie; as dit nie so aan die werk gaan dat dit later, wanneer die strydende geslag se uur slaan, die fakkel van die stryd aan die opkomende geslag kan oorhandig met die bede: „Dra die fakkel verder... na die bestemming toe!”

MAAR WAT AS DAAR GEEN JEUG IS OM DIE FAKKEL OOR TE NEEM NIE?


Dan was die hele stryd tevergeefs! Onbaatsugtig... ja, ook, soos in die geval van die O.B. se stryd, histories en toegewyd. Maar nietemin... tevergeefs.

Laat ons asseblief verstaan dat die Boerejeug (die Jeugbeweging van die Ossewabrandwag) vir die hele strewe en die hele toekoms van die Ossewabrandwag van deurslaggewende betekenis is. As kommando's van die „Groot O.B.” (soos die Jeug ons noem) wel deeglik hul kommandopligte teenoor die Noodhulpfonds en teenoor die

gedagtegang van die Ossewabrandwag nakom, maar hulle beskou die Jeug as minder belangrik of selfs as oorbodig... dan is daardie Kommando's, ten spyte van al hul ywer, besig om hul eie doel en hul eie toekoms te veryd.

BUITENGEWONE VOORREG

Die Ossewabrandwag het die unieke voorreg om op 'n geskiedkundige oomblik in ons



Genl. Dirk van Rooy

volkslewe besondere besieling aan die Afrikanerjeug te kan bied. Daardie voorreg het hy danksy die taai en moedige stryd wat hy in ses jaar se Empire-tronke en konsentrasiekampe sonder vrees of blaam volstry het. As hy die besieling nie op die jeug oordra nie, is dit nie omdat die besieling nie, maar wel omdat die Jeug ontbreek. Met ander woorde, die Ossewabrandwag moet sorg dat hy die geleedere van die jeug van die Afrikanerdom sterk en doelbewus organiseer.

DAARTOE IS DIE BOEREJEUG VAN DIE OSSEWABRANDWAG DAAR.

Ons het reeds die kern van die beste en mees toegewyde Jeugbeweging wat ons volk nog ooit gehad het. Seuns en meisies wat nie net die stryd van hoorsê ken nie, maar in baie gevalle die stryd meegemaak het, terwyl hul vaders of hul broers as politieke gevangenes in konsentrasiekampe en tronkselle gesmag het. Ons taak is om daardie jeug ten volle te ondersteun en, waar dit nog nie posgevat het nie, dit te stig en elke kind van elke O.B.-gesin by die Jeughoofkwartier aan te meld, as daar nog nie 'n plaaslike veldkornetskapskap van die Boerejeug bestaan nie.

DIE JEUGLEIER

In generaal professor Dirk van Rooy het ons 'n Jeugleier soos ons een nie altoos sal kan kry nie; besied met 'n liefde en 'n toewyding vir die jeug van sy Boerevolk en vasberade om daardie jeug na die hoogtes te voer. Maar daartoe moet hy tot die jeug die nodige toegang kry.

O.B.-vader, O.B.-moeder, u taak is om te sorg dat die band tussen die Ossewabrandwag en u seun of u dogter sonder verzuim gelê word. As daar geen plaaslike Jeugveldkornetskapskap is nie, meld hulle dan aan by die Boerejeug-Hoofkwartier, Meyer gebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom.

(Vervolg in kolom 1)

Indiese Amptenare Reik Valse Dokumente Uit? Onwettige Binnekoms In Unie

Die regering beskik oor genoegsame inligting om seker te wees dat daar van tyd tot tyd onwettige Indiër-immigrante oor die grense vanaf buurstade die land binne sluip sonder dat 'n haan ooit weer daarna kraai. Die Unie se grense word slegs op 'n paar plekke by die spoorlyn bewaak en die onwettige aankomelinge maak hiervan gebruik om te voet en per motor binne te sluip. As hierdie onwettige persone nie per toeval later met die gewone landswette in botsing kom nie, is daar geen ander manier waarop hulle aan die man gebring kan word nie. Verskeie persone is op hierdie manier betrap.


Daar bestaan ook grond om sommige dokumente wat van die Indiese regering afkomstig is en waarin die identiteit van 'wettige' immigrante verstrekk word, in twyfel te

trek. In werklikheid het hierdie persone geen reg om die Unie binne te kom nie.

AFSPRINGPLEK

Hierdie insluiping oor die

grense vind plaas tussen Transvaal vanaf Suid-Rhodesië en Mozambiek, en hoewel die regering daarvan bewus is, kan hy dit nie verhoed nie, omdat die (Vervolg op bladsy 8)



Klokke In Kerke

As gevolg van die oorlogsverwoesting het daar 'n groot vraag na kerkklokke dwarsdeur Europa ontstaan. Die foto toon 'n werker wat besig is om die klok af te rond met die „aanskiet” van die verguldsel. Hy is geklee in 'n beskermende pak ten einde hom te vrywaar van gevaarlike gasse.

ADJUNK K.G. TREK NA GEORGE

Genl. J. A. Smith, Adjunk-kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, wat die afgelope sewe jaar in voltydse diens van die Ossewabrandwag gestaan het, en ook in die afgelope paar jaar die administratiewe werk van organisasieleier behartig het, het besluit om hom naby George metterwoud te gaan vestig, waar hy 'n plaas gekoop het. Genl. Smith bly nog Adjunk-leier van die Ossewabrandwag, maar sal in die omstandighede nie meer belas wees met die organisasiekantoor nie, wat nou na Pretoria oorgeplaas word.

Met die sitting van die Uitvoerende Raad van die Grootraad 'n paar weke gelede het genl. Smith sy besluit bekend gemaak. Die voorsitter, genl. ds. S. J. Stander, het met opregte spyt van die stap kennis geneem en ook die K.G., dr. Hans van Rensburg, het met waardering van die dienste van genl.



GENL. J. A. SMITH

J. A. Smith as Organisasieleier melding gemaak. Die taak was geen ligte nie, en die eise wat dit aan die tyd en kragte van die bekleder gestel het, was kwaai, het hy gesê.

Die Uitvoerende Raad het die Adjunk-K.G. van harte bedank vir sy toewyding en besluit dat die organisasiekantoor na Pretoria verskuif moet word.

Die Adjunk-K.G. het beklemtoon dat sy dienste nog steeds tot beskikking van die Beweging staan, al sal dit nie meer in voltydse hoedanigheid wees nie.

Genl. Smith bly nog in Kaapstad tot die einde van Mei, en by 'n latere geleentheid sal formeel van hom afskeid geneem word. Alle sake betreffende die organisasiehoofkwartier moet voortaan na Posbus 1059, Pretoria, gerig word.

Vergadering Van Genl. Smith

Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, sal op Donderdagaand, 22 Mei, 'n vergadering in die Hofmeyersaal, Kaapstad, toesprek, by watter geleentheid daar ook deur die Kaapse offisiere en Brandwagte afskeid van hom geneem sal word met die oog op sy verhuising na George

OPROEP OM MEER STEUN

Die Suid-Afrikaanse Noodhulp-liga wat so pas 'n sub-kantoor vir die organisasie in Bellville geopen het, doen 'n dringende oproep om steun en fondse in 'n verklaring wat deur die organisasie van Kaapland, mnr. S. van Rensburg, aan Die O.B. oorhandig is.

Die Suid-Afrikaanse Noodhulp-liga is die afgelope twaalf jaar besig om die Afrikaanse volk op gesondheidsgebied te dien, en het in hierdie verband sowat 10,000 verpleging- en noodhulpgevalle behandel. Die oorgrote meerderheid van die gevalle wat verpleeg is, was persone wat minder bevoorreg is.

Wat gesondheidsopvoeding betref, het die organisasie 3,000 lesings en praktiese demonstrasies gehou om sy personeel voor te lig. Gedurende hierdie tyd is 3,760 persone opgelei.

Aan die Witwatersrand het die gekwalifiseerde personeel die medewerking van die Armesorgraad van die N.G. kerk, en sowat 700 minderbevoorregte gevalle is behandel. Aan 'n groot aantal persone is doktershulp verleen en aan baie is gratis medisyne geskenk.

FONDSE

Ontslaglik baie fondse is derhalwe nodig. „Afrikaners steek u hand diep in u sak en gee u grootste bydrae. Hulp aan die Suid-Afrikaanse noodhulp-liga is hulp aan u volk,” lui die oproep. Verder word 'n beroep gedoen om takke te stig waar nog nie takke bestaan nie.

Alle bydraes en navrae moet gerig word aan die Organiseerder, S.A. Noodhulp-liga, Vortrekkerweg 193, Bellville.

Gissings oor Politieke Kombinasies

Snaakse Plek Toegewys Aan Ossewabrandwag

Die politieke partye het die afgelope tyd 'n hele trommelvuur bespiegelings oor sette en teensette in hul persorgane gehad wat gewissel het van selfversekerde stellings tot die wildste wensdenkery.

Die sluise is geopen deur 'n berig in die opposisiepers dat die Verenigde Party pogings aanwend om die kommunistiese oorskiet van die Arbeidersparty nader te trek as 'n bondgenoot. Daar is verklaar dat genl. Smuts onlangs meegedeel is dat die Verenigde Party in die stede maar swak sal vaar indien daar onafhanklike kandidate teen sy kandidate gestel word, veral nou na die vereniging van opposisiestromings. Al uitweg wat die Verenigde Party teen so 'n gevaar kan sien, is om met die oorblyfsels van die Arbeidersparty 'n verdrag te sluit ten einde driehoekige gevegte wat die setels aan die opposisie sou kan gee, te vermy. Verklaar is dat sekere lede van die Arbeidersparty, onder wie mnr. J. R. Sullivan, te vinde sal wees vir 'n dergelyke ooreenkoms.

ANDERSOM

'n Paar dae later het die Cape Argus geantwoord met 'n teenbewering dat die H.N.P. besig is om die Arbeidersparty te pols vir 'n verkiesingsooreenkoms. Volgens die berig sou die H.N.P. aan die Arbeiders ten minste nege setels aan die

Rand waarborg, maar die Arbeiders sou eerder samewerking met die Verenigde Party ooreweeg.

Die wildste brokkie politieke „nuus” is egter deur Arthur Barlow se weekblad opgedis. Sy politieke korrespondent, wat daarmee spog dat hy baie selde 'n fout maak, weet te vertel dat die Duitse geïnterneerdes nou weer met die oog op die oorlog met Rusland genaturaliseer sal word en dan vir genl. Smuts in die verkiesing sal stem. „Daar bestaan geen twyfel nie dat daar 'n verandering by die kabinet en 'n groot aantal parlementslede ingetree het ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Duitsers,” aldus die blad.

WILDE BEWERING

Dis egter nog nie al nie. Die korrespondent waag dit om te beweer dat die Ossewabrandwag hom ook agter genl. Smuts sal inwerp! Daar sou dan 'n groot gedeelte in die O.B. wees wat voel „dat hul toekomstige tuis- te by die Smutsparty moet wees en nie by die Malan-party nie.” En dan hef die blad die volgende lofsang oor die Ossewabrandwag aan: „Wat 'n mens ook al van die Ossewabrandwag onder leiding van dr. Van Rensburg mag sê, moet mens erken dat hierdie groep by hul „kannonne” gestaan het en bereid was om geïnterneer te word. Hulle was in werklikheid „rebelle,” soldate wat aan die ander kant geveg het. U mag nie daarvan hou nie, maar hulle het die moed gehad om dit te doen. Hulle was die mense wat die geld bymekaar gemaak het om die vroue en kinders van die geïnterneerdes te versorg, en het nie daarvoor gehuil nie. Hulle (Vervolg in volgende kolom)

Braaivleis Op Stellenbosch

'n Braaivleisaand wat die O.B.-vrouekommando van Stellenbosch gehou het op Saterdag, 12 April, was 'n groot sukses. Die doel was om Brandwagte gesellig bymekaar te bring en fondse vir 8 Augustus (O.B.-dag) in te samel.

Die grootste verrassing van die aand was die onverwagte besoek van die eggenotes van die K.G. en A.K.G. — mev. dr. Van Rensburg en mev. J. A. Smith. Ons waardeer hul belangstelling.

Die toespraak van genl. Erika Theron oor indrukke van Amerika het groot byval gevind.

Na afloop van die toespraak het die studente-kommando 'n kampvuur gehou en 'n aangename gesellige atmosfeer geskep met grappies en gesamentlike sang.

Mnre. Botha en Fourie, wat onlangs uit die gevangenis vrygelaat is, het ook een en ander vertel van hul ondervindings gedurende die jare van gevangenskap. Die vertellings was grappig maar die gehoor het terselfdertyd 'n besef gekry van wat die jong mans gely het en dat hulle geloof in die O.B. onwrikbaar is. — (Ingestuur).

was nie soos die Nasionale Party nie, wat voorgegee het om aan die kant van die ander man te wees, maar nooit iets gedoen het nie, dog tuis gebly en dit vir politieke oogmerke gebruik het en geen geld bygedra het om die geïnterneerdes te help nie.”

„SOLDATE”

Dan beduie hy dat die O.B. sal redeneer dat genl. Smuts 'n soldaat is en die oorlog „deurgiesien” het en dat die O.B. die oorlog van sy kant probeer „deursien” het, maar dat met die oog op die Russiese gevaar, die soldate nou bymekaar moet staan.

Hierdie artikel is baie subtiel geskryf, maar hy verongeluk sy eie doel aan die end waar hy die volgende onmoontlike kombinasie in die vooruitsig stel: Smuts, die gemengde vakbonde, die Arbeidersparty, die kommuniste, die O.B., die natuurlike en Indiërs (!) teenoor Malan, Havenga, „'n groot aantal predikante” en die Broederbond.

Verskuiwing Van Kruger-Standbeeld

Dit sal moontlik gedurende Meimaand finaal besluit word waar die standbeeld van pres. Kruger voortaan sy staanplek sal hê. Die plan van mnr. Gerard Moerdyk om Kerkplein, Pretoria, te omskep in 'n groot amfiteater en die standbeeld van pres. Kruger voor die suidelike ingang daarvan te plaas, word tans deur die stadsraad van Pretoria oorweeg.

Die ooglopende kenmerk van die amfiteater sal die 130 voet hoë graniettoring wees. Die toring sal sowat 30 voet hoër wees as die geboue van die middestad. Die plan is om 'n klok met klokkespel in die toring aan te bring. Indien die plan goedgekeur word, sal die standbeeld van pres. Kruger op 'n platform voor die toring geplaas word.

Die amfiteater sal sitplek bied aan 15,000 mense. Indien die plan aanvaar word, sal met die werk dadelik begin word.

Die poging om die standbeeld van wyle pres. Kruger van die stasie na Kerkplein te verskuif, sloer al jare lank.

In Huwelik Bevestig

Onderwyl die son vriendelik deur die gekleurde glasvensters van die Lutherse Kerk in die Paarl geskyn het, is Gerda Voigt en Pierre du Toit deur ds. E. Botha van Caledon in die huwelik bevestig. Ds. Botha is 'n oom van die bruidegom.

Die bruid wat in 'n geëmbosseerde satynrok en Brusselse sluier met lemoenbloesels geklee was, is die dogter van mnr. en mev. George Voigt van die Paarl. Mev. Voigt is hoofkommandante van die Ossewabrandwag in die Paarl en het waargeneem as hoofvrou tydens die afwesigheid van dr. Erika Theron. Die bruidegom is die oudste seun van mnr. en mev. N. du Toit van Rawsonville.

Die bruid met 'n ruiker van wit rose en herfskleurige angelie is bygestaan deur mej. Brunhilde Louw van Durbanville. Sy was geklee in 'n groenkleurige Mos Crépé rok. Die strooijonker was mnr. Kobus Deetlefs van Rawsonville en student aan die Universiteit Stellenbosch. Die blommemeisietjie was Jeanette Grondman.

Die resepsie het plaasgevind in die Royal Hotel waar ds. Botha die heildronk ingestel het. Genl. W. Marsh het die heildronk op die ouers ingestel.

DIE PERSBELEGGINGSKORPORASIE BEPERK. (P E R S K O R)

Aan alle Belangstellendes en Vriende in
NATAL EN GRIEKWALAND-OOS

LET OP!!

LET OP!!

NOG NET 6.000 AANDELE

van 5/- elk is beskikbaar vir belangstellendes in Natal en
Griekwaland-Oos.

Inskrywings word

Onherroeplik Gestaak op 30 Junie 1947

Jongste ontwikkelinge maak hierdie aandele

BESONDER WAARDEVOL

Tree dadelik in verbinding met:

L. STEIN,

P.a. E. B. CADLE, „Twyfelfontein,”

P.K. MOOIRIVIER, NATAL.

Posgeld Is Nou Laer

Vanaf môre is die nuwe postariewe soos deur die Minister van Finansies aangekondig, van krag. Posgeld vir briewe binne die Unie en Suidwes is voortaan 1½d. vir die eerste ons en 1d. vir elke ons wat dit meer is.

Agter Hoe Mure

DEUR 'N OUDGEVANGENE

In die Sentrale Gevangenis te Pretoria is daar manne wat reeds van die begin van 1943 af as kriminele beskou en behandel word.

Hierdie manne het hulle nie uit selfsugtige motiewe teen die samelewing vergryp nie, maar het daadwerklik in opstand gekom teen 'n regering wat koorsagtig sy knie voor 'n vreemde god wou gaan buig, en in sy offervaardigheid die seuns en dogters van die volk op 'n onheilge altaar in rook wou laat opgaan.

Omdat hierdie manne die oorlogspoging van die regering met 'n teenpoging gedwarsboom het, is hulle sonder meer in hegtenis geneem en gevangenisstrawwe opgelê wat buite alle verhouding tot die misdade is, waaraan hulle hul skuldig gemaak het.

BUITENGEWOON

Die regering het dit nodig gevind om spesiale regulasies daar te stel, wat nooit deur 'n parlement bekragtig of goedgekeur is nie, ten einde hom in staat te stel om hierdie manne die spesiale strawwe deur 'n spesiale hof te laat oplê. Hulle moes nie meer instaat wees om die regering in sy heilige oorlog te dwarsboom nie.

Die regering het sy oorlog gewen en reeds vir meer as twee jaar is daar al vrede. Hierdie slagoffers van die regering se oorlogspoging sit almal nog in die gevangenis — behalwe dié wat normaalweg hul strawwe uitgedien het en ontslaan is.

ERGER

Die oorlog waaroor die regering so begaan was en waarom hierdie manne sulke onbehoorlike strawwe opgelê is, het 'n toestand geskep erger as die toestand wat die regering beweeg het om tot die heilige stryd toe te tree.

So pas het die Eerste Minister van dieselfde regering onomwonde verklaar dat hy benoud voel. Volgens hom moet Duitsland, as die bolwerk van die Europese beskawing, gerehabiliteer word, anders is die Weste gedoem. 'n Vloedgolf van Oosterse barbarisme dreig om selfs die maarskalk tot sy sinne te bring.

Die maarskalk openbaar inderdaad 'n versiende staatsmansblik, maar hy sien te laat en te ver. Ses jaar gelede, toe hy begin het om dieselfde Duitsland te help verwoes wat hy nou so graag wil herstel het sy eie landseuns in opstand gekom om hom in sy dulle vaart te probeer stuit; die vaart wat hom en die Westerse wêreld in die chaotiese toestand beland het waarin hulle tans verkeer.

OOR EIE SEUNS

Die maarskalk sien te laat omdat Duitsland reeds klaar verwoes is en hy sien te ver omdat hy in sy versiende blik dwarsoor sy eie landseuns heen staar wat nog steeds in die gevangenis sit vir 'n fout wat nie hulle nie, maar hyself gemaak het.

Sou dit te veel van die maarskalk verwag wees as hy versoek word om vir 'n oomblik sy blik op sy eie land te vestig en soos 'n man te erken dat hy 'n fout begaan het om daardie seuns in die tronk te stop? Die wêreld weet dat hy 'n fout gemaak het en hy kan dit slegs ten dele herstel deur dit ridderlik te erken en aan die vyftien slagoffers van sy onheilge oorlog amnestie te skenk.

Daardie vyftien manne in die

tronk vra nie om genade nie. Hulle vra net dat reg aan hulle moet geskied. Net so 'n reg soos dié wat die maarskalk tans wens om te sien dat jeens die verwoeste Duitsland moet geskied.

Gaan Saamwerk Teen Britte

Die twee Joodse terroristiese organisasies van Palestina het besluit om hulle onderlinge geskille te staak en voortaan saam te werk as een organisasie. Dit is die Irgun Zvai Leumi en die Sternbende.

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Die Koning En Natuurrampe

„Bedel vir Engeland,” Middeburg, skryf:

Volgens koerantverslae het die koning eergister in Pretoria glo 'n toespraak gelewer waarin hy veral baie uitgewy het oor hoe begaan en bekommerd hy voel oor sy volk se „ellende en lyding” in Engeland sedert hy in Januarie daar weg is.

Het hy al vir een oomblik gedink hoe Oom Paul as baneling in Switserland gevoel het oor die ellende van sy eie volk, wat nie weens die natuurrampe in ellende gedryf is, soos met die Engelse nou die geval is nie, maar deur die wrede rowerhand van sy (die koning se) volk? Die Engelse het maar net 'n bietjie koud gekry en 'n bietjie baie reent gehad, en daarvoor voel hy nou so danig aangedaan, maar Oom Paul se volk was deur sy (die koning se) nasie verpletter, verbrand, vermoor, verban en beroof. Hy kuier vry en lekker hier, maar Oom Paul moes vir sy lewe vlug. Sy vrou en dogters is vry en veilig hier by hom, maar Oom Paul se gesin was op die vlug voor die engelse hordes uit, of in 'n moordkamp. Het die koning miskien daaraan gedink voordat hy sy toespraak begin het?

Hy praat van 'n broederband en van vergeet wat verby is. Miskien 'n broederband van hom met die uitlanders in hierdie land, maar nie van die Boer nie. En vergeet wat verby is? NOOIT!

Sal ons Eerste Minister vir hom en sy vrou en dogters nie bietjie een van ons moordkammerkhowe gaan wys nie. Hier op ons dorp lê drie sulke kerkhowe.

Ons is sat van al die gehuiel in hul toesprake om die hele volk oor een kam te skeer as hulle praat van die danige broederlikheid van die volk met Engeland.

Het hy voor sy toespraak so 'n bietjie oor die teenswoordige uitgemoorde Duitse Volk en die se ellende gedink?

Vrae Uit Koffiefontein

Mev. J. Theron van Koffiefontein, skryf:

As lid en offisiere van die O.B. het ek sedert my inswering die beleid en strewe van die Beweging getrou gevolg. Vir my was die doelstelling altyd suiwer.

Nou met die poging tot saamwerking met die oog op die a.s. verkiesing kom ons weer in die Koffiefontein-kiesafdeling in aanraking met die H.N.P. Hulle wil ons nou op ons pligte wys en verwyf ons selfs dat ons kwaai gevoelens by ons kinders aanwakker omdat ons dogtertjie geweier het

om 'n medalje van die koning in die skool aan te neem.

Deur middel van die pers wil ek graag op 'n paar vrae antwoord hê.

(1) Die H.N.P.-voorsitter beweer dat voordat die O.B. iets gedoen het om die lot van geïnterneerdes te versag, daar etlike duisende ponde deur hulle spandeer is, dat hy persoonlik daarmee behulpsaam was en dat hulle selfs tot 50 geslagte skape op een keer die kamp ingestuur het. Gedurende die eerste jaar sou hulle ook 'n groot kersmaaltyd vir die geïnterneerdes voorberei het. Ek betwyfel dit nie, maar dit is vir my onbekend. Dit bring vreugde om te weet dat daar sulke H.N.P.-takke was wat in daardie tyd die belange van ons broers op hul harte gedra het. Waarom kan ons dan nie sonder om ons identiteit prys te gee hulle samewerking nou verkry nie?

(2) 'n Verdere vraag in verband met die verkiesing te Kimberley 1943. Die ondervoorsitter van die plaaslike H.N.P. verklaar dat sy persoonlik 'n omsendbrief wat te Kimberley versprei is, gelees het. Sy gee die versekering dat dr. Van Rensburg dit persoonlik onderteken het. Enige minute later kon sy nie met sekerheid sê of dit dalk die A.K.G. was nie. Haar grief teen die Beweging is 'dat die omsendbrief 'n direkte bevel gegee het om nie vir die H.N.P.-kandidaat, maar vir die V.P.-kandidaat, dus pro-Empire, te stem.

As ek reg onthou, het die omsendbrief gelui dat lede vrygelaat word om volgens hul eie keuse te handel, maar om in elk geval as hulle stem, anti-Empire te stem.

Niemand hoef te probeer om die onwrikbare vertroue wat ons in die leiding van die K.G. het, te ondermyn nie. Sy leiding het lankal die vertroue gebring. (Verkort, Red.).

((1) Indien H.N.P.-lede plaaslik te Koffiefontein bygedra het vir die geïnterneerdes, kan ons net waardering daarvoor hê. Hul pers het egter advertensies ten behoeve van die geïnterneerdes geweier.

(2) Geen dergelike omsendbrief van enige verantwoordelike O.B.-leier sal deur enigemand te voorskyn gebring kan word nie, want dit bestaan nie. — Red.)

SAK-KRISIS

Die Minister van Landbou het bekend gemaak dat vir die miellie-oes van meer as 23 miljoen sak vanjaar net 4 miljoen graansakke beskikbaar sal wees. Met die oog op hierdie krisis sal geen sakke aan boere verkoop word nie, maar net tydelik verhuur word deur handelaars en die Mielleraad se bergingsagente wanneer daar gedors word.

Stuur u POSBESTELLINGS vir

- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTE

na

SOLMS VAN NIEKERK

Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisversekernars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE
EILERS en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bph

MOREMARK (Postbus 7185) Newton

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste
Ons bied die Allerjongste oggend- en middag-
rokke aan.

Lo- en Fremode Kostuums - - -

VAN ZYLS

Hoofstraat - - - Paarl

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Apteeck

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

Kennis van die

A

WERELDSAKE

Vereis Bestudering van STAATKUNDE.

Skaaf die volgende Boeke vir u aan.

DIE MODERNE STAAT

deur Prof. L. J. du Plessis — 2/6 posvry.

HEAR THE OTHER SIDE,

The Afrikaner and German Side — 2/9 posvry.

THE GREAT GLOBE ITSELF

By W. C. Bullitt — 11/9 posvry.

„The only totalitarian imperialism that threatens war to-day is the Soviet Union.”

THE DARK SIDE OF THE MOON — 16/6 posvry.

„Consists of a selection of personal narratives of Poles who have suffered during the Russian occupation.”

THE SOVIET IMPACT ON THE WESTERN WORLD

By Prof. E. H. Carr — 7/3 posvry.

REPORT ON THE RUSSIANS

By W. L. White — 13/6 posvry.

MY ANSWER, by Oswald Mosley.

REPORT FROM GERMANY, — 5/3 posvry.

By Leonard O. Mosley —

SUID-AFRIKA

'N TUISTE VIR DIE NAGESLAG

Deur Prof. dr. G. Cronje — 13/- posvry.

'n Blywende oplossing van S.A. se rassevraagstukke.

AFRIKA SONDER DIE ASIAAT

Deur Prof. dr. G. Cronje — 13/- posvry.

BEHIND THE PRESS IN SOUTH AFRICA

H. Lindsay Smith — 9/3 posvry.

THERE ARE NO SOUTH AFRICANS

By G. H. Calpin — 13/6 posvry.

**Pro Ecclesia-
Boekhandel**

POSBUS 29

STELLENBOSCH

„DIE O.B.” WOENSDAG, 30 APRIL 1947

Meermin-Liefde

By Engelssprekende Suid-Afrikaners wat in noue aanraking met Boere-seuns op die slagvelde van die oorlog gekom het, het daar 'n gunstige herrangskikking van standpunt plaasgevind. Daar is talle voorbeelde van sulke Engelssprekendes, sommige in heel verantwoordelike posisies, wat bewus geword het van 'n nuwe nasionalisme waarin daar waardering bestaan vir wat eie aan Suid-Afrika is. Hulle het respek gekry vir die Afrikaanse taal en Afrikaanse tradisies, en in enkele gevalle het hulle selfs Afrikaans as huistaal aanvaar. Ons twyfel nie daaraan nie dat hierdie verskynsel een van die groot beweegredes was vir die besoek van die Britse koning wat as 'n poging moes dien om die ontwakende nasionalisme van Engelssprekende Suid-Afrika in die kiem te smoor.

Die amptelike houding van die Engelse — en daarmee bedoel ons veral die pers — was in die verlede nog steeds dat Afrikaans en wat daarmee saamhang 'n „verdelende faktor” in die Britse Empire is. Daarom is pogings selfs deur wetgewing aangewend om dit te likwider. Toe daarin nie geslaag is nie, is dit as 'n onvermydelike ergernis geduld en is die hoop op onderploeging daarvan gevestig op „miljoene en miljoene” immigrante in die toekoms. Daarom lees ons vandag in die Engelse koerante in verontwaardigde taal dat Afrikaanse simbole soos ons volkslied en vlag — al is laasgenoemde nog maar 'n halwe simbool — slegs as „byvoegsels” aanvaar is, en nie as plaasvervangers van die Britse simbole nie.

VLEITAAL

Maar in dieselfde pers lees ons in die jongste tyd ook heelwat soetsappigheid omtrent Afrikaans en Afrikaanse tradisies. Dit is nie uit liefde nie, maar uit noodsaak. Die Afrikaanse nasionalisme was vir die Brit onvernietigbaar as 'n openlike vyand, en daarom word die toevlug nou geneem tot die sereniesang van die meermin. Vir die Afrikaner wat gewillig is om die Britse simbole en idees te aanvaar — die kompas na selfvernietiging — is daar lof en erkenning in die Britse pers.

So het ons enige jare gelede heelwat smaadhede moes verdur toe jukskei as Boeresport herleef het. Tot onlangs het die Engelse pers nog smalend daarvan gepraat as „'n dom speletjie.” Aanvanklik is dit selfs met heftige vyandskap bejeën. Verlede week egter het een van die Engelse dagblaie 'n hoofartikel gewy aan jukskei en hom daarin verbly dat die koning „een van die oudste dog ook een van die jongste Suid-Afrikaanse sportsoorte” erken het by geleentheid van 'n „gelukkige klein plegtigheidjie” in die koning se kantoor. Hierdie verheffing van jukskei tot die koninklike sfeer het geskied nadat 'n aantal Afrikaanse parlementslede die koning en koningin 'n stel jukskeie as aandenking present gegee het. 'n Lojale gebaar verdien immers 'n lojale erkenning!

„O.B.-SOLDATE”

En omdat daar van Afrikaanse kant druk meegedoen is om die koninklike toer „'n sukses” te maak — 'n sukses natuurlik as verstewiging van die Britse Ryk — is die Afrikaanse taal selfs tot banier-opskrif in die Engelse pers verhef. 'n Kaapse oggendblad se afskeid aan die koninklike gesin Donderdag was 'n banier-opskrif met die woorde: „NOT GOOD-BYE BUT TOT SIENS.”

Dieselfde lofsange word tans gehoor in Arthur Barlow se weekblad. In die hoop dat 'n paar O.B.-lede uit verbittering weens naaste-vervolging hulle sal laat gebruik as Empire-stemvee, besing die blad die deugde van die O.B.-Afrikaners. Nou skielik is die O.B. nie meer vyfdekolonniers en verraaiers nie, maar „soldate wat aan die ander kant geveg het,” manne wat „by hul kanonne bly staan het” en die moed daarvoor gehad het!

'n Opregte en praktiese erkenning van die Afrikaner en sy taal deur die Engelse pers sal deur ons van harte verwelkom word, maar hierdie soetsappighede bejeën ons met die agterdog waarmee die omhelsing van 'n ysbeer bejeën word. Solank hierdie „toegeeflikhede” net gekoppel word aan die Britse koning, wat moes dien as imperialistiese sweisbout, of aan partypolitieke hoeke, solank ruk ons daarin die asem van die roofdier. Daarenteen verwelkom ons die vriendskap en blyke van waardering van daardie Engelssprekendes wat die Afrikaner aanvaar as Afrikaner en nie as nagemaakte Brit of handlanger nie.

Jode Slag Onder Britte

Die optrede van Joodse terroriste in Palestina het sedert Augustus 1945 die dood veroorsaak van 113 persone waaronder soldate, polisie en burgerlikes. In dieselfde tydperk is 249 persone verwond.

168 Jode is van terroristiese bedrywighede aangekla, 33 is gedood en 29 gewond. Die doodvonnis is oor 28 uitgespreek. Slegs vier hiervan is uitgevoer. Die res is tot lewenslange straf verander.

Verkiesing Vir Mynwerkers Beloof

Die verkiesing van die algemene raad, komitees en skagvoormanne van die Mynwerkersbond sal so gou as wat dit moontlik is plaasvind, het die Minister van Arbeid verklaar. Opdrag in hierdie verband is reeds aan die kommissie van ondersoek gegee. Die kommissie het sy taak verlede week aanvaar in opdrag van die Minister. Hy het die hoop uitgespreek dat die moeilikhede spoedig besleg sal word.

Krisis In Die Skole Van Die Verenigde State Swak Onderwys van Leierstaat

Deur dr. Erika Theron

wees wat 'n minderwaardige gehalte van onderwys sal gee aan 5 miljoen kinders. Teen 1950 sal daar 'n tekort van 250,000 onderwysers wees.

Ek onthou nog goed 'n gesprek wat ek gehad het met 'n onderwyseres van 'n tweemanskool vir blanke kinders in die berge van Kentucky. Die skooltjie, die kinders en die onderwyseres het almal ewe armoeëdig gelyk. Op die vraag watter opleiding sy gehad het was die antwoord: „I've been to college some.” (Die „some,” so het ek later uitgevind, was glo 'n paar maande aan 'n opleidingskollege in dieselfde staat.)

ARMES AFGESKEEP

Waar elke staat vir sy eie onderwys moet sorg, beteken dit ook dat die armer state — waar goeie onderwys tog net so nodig is vir die kinders! — swakker onderwysfasiliteite bied as die ryker state. Daarby word in baie state aan elke „county” (elke staat is verdeel in „counties”) proporsioneel net soveel geld vir onderwys — en ander doeleindes toegeken deur die staat as wat die „county” tot die belasting bygedra het. Op die manier kry die swakker, armer gebiede in die land nooit kans om toestande te verbeter nie en sal altoos met minderwaardige dienste te doen kry. Dit lyk nie eintlik na gelyke kans vir almal in die Verenigde State nie!

Soos reeds hierbo gemeld, het die onderwysers, om hulle posisie te verbeter, begin staak. Een van die eerste stakings was in St. Paul, Minnesota. Die staking het 'n hele paar weke geduur. Die skole is deur „pickets” bewaak en optogte — waaraan in sekere gevalle ook die skoolkinders deelgeneem het — is georganiseer.

TE VERHEWE

Hierdie stakings het nogal 'n opskudding veroorsaak want dis

Jode Neem Wraak

Uit weerwraak omdat die Britte vyf Joodse terroriste opgehang het op aanklag van terrorisme en oproer, het die ondergrondse Joodse beweging verlede week 'n troepetrein in Suid-Palestina opgeblaas waarby vyf Britse soldate die lewe ingeskiet het. Drie ander burgerlikes het ook omgekome terwyl 41 persone beseer is.

Die Sternblende het verklaar dat van hul lede tot in die hart van Londen deurgedring het. Bewys hiervan is die bom wat in die kantoor van die Britse departement van buitelandse sake gevind is.

Vier lede van die Britse polisie, insluitende 'n inspekteur, is verlede Vrydag gedood, en ses mense is beseer deur 'n ontploffing wat deur die Joodse terroriste veroorsaak is by 'n polisie-kamp.

Die Palestynse vraagstuk word hierdie week deur die algemene vergadering van die V.V.O. behandel op 'n buitengewone sitting te Lake Success.

nog altoos aangeneem dat die onderwysers nie hulle „verhewe beroep” so sou verneder nie. In al die gevalle is dan ook eers na lange beraadslaging besluit om tot staking oor te gaan. Baie van die onderwysers is lede van 'n vakunie wat onder beheer is van die C.I.O.

Daar word ook verklaar dat die ouers deesdae nie meer die simpatieke samewerking met skool en onderwysers toon soos vroeër nie en dat dikwels, sonder deeglike ondersoek, vir die kind party getrek word. Dit is 'n aanklag wat ons natuurlik ook meer en meer in ons eie land hoor. Een persoon stel dit so: „Die moeders wat nie tweemaal sal dink om aan Bet of Koos 'n oorveeg te gee vir kleiner oortredings of omdat hulle „net lastig” is nie, sal hoogs gevelg skool-toe stap as een van die kinders met krokodil-trane huis-toe kom met klagtes oor juffrou se dissipline. Van juffrou word verwag geduld, humorsin, die vermoë om van ander mense se kinders te hou en die senuwees van 'n oorlogsheid!”

KIND TE VRY

Die Amerikaanse kind moet buitendien nie te maklik wees om voor onderwys te gee nie. Nie alleen word hulle baie vrygelaat by die ouerhuis nie maar die „nuwer” soort onderwys in die Amerikaanse skole lei daartoe dat die kinders veel meer te sé het as wat goed en paslik is vir hul ouderdom. 'n Engelse onderwyseres wat vir 'n jaar omgeruil het met 'n Amerikaanse kollega, het haar onlangs baie sterk in die openbaar uitgelaat teen die Amerikaanse kind wat volgens haar sonder dissipline, onbeleefd en astrant is. Die antwoord van die skoolhoof waar die onderwyseres werksaam is, was dat die Amerikaanse kind in die „gees van die demokrasie” grootgemaak en onderwys word!

Dit is seker hierdie „gees” wat in hulle vaardig is in die „subway” en op die busse van New York sodat g'n skoolkind ooit sal droom om 'n sitplek te ontruim vir 'n bejaarde man of vrou nie. Dit was seker ook die uitwerking van die „gees” wat onlangs in New Jersey 'n k'omp skoolkinders laat staak het omdat 'n sekere vakansiedag nie aan hulle toegestaan is nie. Met „pickets” by die skoolhekke en optogte en baniere is die hele petalje georganiseer. „As Lewis kan staak, waarom kan ons nie ook staak nie?” — het hulle verklaar!

Wat Doen U?

Die middelweg word so dikwels geloop deur diegene wat nie weet waarheen hulle gaan nie, en vind dus behae in die feit dat hulle geselskap aan albei kante het.

Die partypers kronkel en konkel langs verskillende weë om stemme te vang: U eie dagblad ken net één weg en dit is die pad van Suid-Afrika. Koop Perskor-aandeel.

GODLOSE PROPAGANDA IN SPRINGBOK LEGION? Weerkaatsing In Briewe

„Ons soldate glo nie meer aan godsdiens nie . . . Ek is daar trots op dat ek die waarheid gevind het, dit is dat religie op „aardbewings” gebou is, en vals is, en die res van die waarheid wat ek gevind het is dat die mens van 'n hoër dier afgestam het. Dit is klaar bewys . . . Ons soldate vra u dringend om die volgende boeke te lees . . .”

Bostaande aanhalings uit 'n brief van die sekretaris van die Springbok Legion, Melville, Johannesburg, aan Pro Ecclesia-Drukkery, is op sigself van weinig waarde, was dit nie dat 'n dergelike brief deur 'n persoon, vermoedelik 'n oudsoldaat, uit Machadodorp kort gelede in 'n Engelse weekblad verskyn het nie. Hierdie twee briewe met dieselfde strekking, dog verskillende oorsprong het die vraag laat ontstaan of die Springbok Legion gebruik word as kanaal om godlose propaganda onder die Suid-Afrikaanse oudsoldate te versprei? Bestaan daar binne die Springbok Legion 'n organisasie vir die verspreiding van godlose propaganda soos in Rusland?

„VERNIETIG”

Die brief van die sekretaris van die Johannesburgse Springbok Legion is geskryf na aanleiding van die pamflet: Die Koning — Is Hy Welkom? Die skrywer is baie gebelgd daaroor en verheug hom daarin dat dit verby is met die Afrikaner en verklaar: „Ons soldate en ons nageslag sal die koning of koningin van Engeland weer uitnoot in die toekoms. „Ons is honderdduisende soldate, wit en gekleur, en miljoene naturelle en blankes wat lojaal is, wat getrou is, wat anti-O.B. is, en wat die koning of koningin weer sal wil sien. Goddank, O.B.- en Afrikanerbobaasspelery is deur die oorlog vir goed vernietig . . . Die UNO (Verenigde Volke) sal ons ook verder beskerm . . . Wie kan nog glo as hy daardie gehate pamflet gelees het? Nee, duisende Afrikaners het vrydenkers geword, en my opinie is dat hulle het reg gedoen!”

„AARDBEWINGS”

Hy gaan dan voort om te bevestig dat godsdiens „op aard-

bewings gebou is.” Ons weer om ons voorouers se valse godsdiens of religie te volg. Hulle was ongeleerd en bygelowig; ons is dit nie meer nie; ons het geen rede om valse tradisies van ons Voortrekkerouers of wie ook te aanbid nie. Ons is oortuig daarvan dat ons reg is. Ons is net sulke patriotte as ons voorouers, maar hulle Joodse „rolle” of „boeke” en „gode” en „geeste” en religie erken ons nie. Lees asb. en vertel die „ware Afrikaners” en koninghater om die volgende boeke te lees . . . Ons soldate vra u dringend om dit te lees en kennis op te doen.”

Dan noem hy die name van vyf boeke van ateïstiese skrywers.

„SOORTGELYK”

Die ander brief het in die Forum verskyn. Daarin lui dit o.m.: „Die verskillende godsdiens en teologiese is gegrond op aardbewings duisende jare gelede toe ons voorouers barbare en grotbewoners was. . . . As die miljoene lidmate van kerke maar net wil dink en die oorsprong van godsdiens wil nagaan, sal hulle oortuig raak dat hulle verkeerd is en dat hulle gekke van hulself maak; hulle volg maar net die voetspoor van hul ouers en die predikante sonder om die waarheid te probeer ontdek. Baie mense woon die kerk by omdat hulle dink die Bybel is die „woord van God,” maar hulle maak 'n fout. Die „rolle” of „boeke” is geskryf deur ongeleerde, bygelowige profete As mense soos die joernaliste van die Forum en ander goeie koerante maar net die wêreld reguit wil vertel dat die mens van 'n dier afkomstig is en dat dit die waarheid is, soos ons almal weet of behoort te weet, sal ons vrede op aarde hê. . . . sê asseblief aan die Christelike

Studente-vereniging om die volgende boeke te lees. . . .”

Hy noem dan vier boeke van ateïstiese skrywers, waarvan drie voorkom in die lys van die Springbok Legion sekretaris.

WEERKAATSING

Die metode en strekking van die twee briewe is so in die ooglopend eners, en tog so verskillend in styl, dat dit die indruk skep dat ons hier te doen het met die weerkaatsing van 'n georganiseerde „voorligting” onder oudsoldate wat eenvoudig soos pappegaaie napraat wat in die donker aan hulle voorgesê word.

Daarom kom die vraag op: Is daar binne die Springbok Legion 'n organisasie wat godlose propaganda stelselmatig onder lede van die „Legion” versprei?

In die parlement het adv. R. W. Bowen 'n paar weke gelede gesê: „Die Springbok Legion is 'n kommunistiese organisasie en sy bestuur is kommunisties geïntereerd.”

Kommuniste In Kanada

Die eerste minister van Quebec, Maurice du Plessis, het in die Wetgewende Vergadering verklaar dat hy meen dat die kommuniste voorbereidings tref vir 'n revolusie in Quebec om die honderdste verjaardag van Karl Marx in 1948 te herdenk. Hy het verwys na dokumente waarop onlangs beslag gelê is.

Hulle is hier-
Hulle is daar
Hulle is ORAL!



Daar is 'n groot vraag na Ronde Kommando in die stad rond

Hulle is koel, rook lekker met 'n eie geur wat hulle elke dag meer vriende besorg.

Kommando
RONDE - SIGARETTE

5H 2885

Volkskas - Aandele

KENNISGEWING

Vir algemene inligting word hiermee bekend gemaak dat daar nog 'n beperkte aantal (gewone) VOLKSKAS-aandele vir inskrywing beskikbaar is.

Vollediger besonderhede is vervat in die betrokke prospektus waarvan eksemplare verkrygbaar is van alle takke of van die Hoofkantoor van die Bank, Posbus 578, Pretoria.

VOLKSKAS BEPERK



Bankiers

PRETORIA.

Hoofkantoor:

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alom bekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

PRYSLYS

WYNE:

Per bottel in kassies van 12 bottels	Per gelling in 5 selling-vaattjies
On Port	2/9
Invalide Port	3/3
Spesiaal Soet	2/9 12/6
Wit en Rooi Jeripiko	2/- 10/-
Wit en Rooi Malmsey	2/- 10/-
Wit en Rooi Muskadel	1/11 9/6
Soet Port	1/11 9/6
Port, Pontak, Worcester Hock	1/10 9/-
Spesiale Sjerrie (Soeterig)	1/10 9/-
Goudkleurige Sjerrie	1/9 8/6
On Bruin Sjerrie	2/6
„Cocktail”	4/3
Vermouth (Droog of Soet)	3/-
Swartberg Sjerrie	2/9

DROE WYNE:

Boergonje (Rooi)	2/-
Riesling (Droë Wit)	1/9

PRYSLYS

VONKELWYNE:

Grand Spumante (Soeterig)	10/3
Grande Splendore (Droog)	7/9
Vonkel Boergonje	8/9

BRANDEWYN:

Aurora V.S.Q. (Die allerbeste)	10/-
Eureka	8/6
A.I.	8/-
Royal	8/6
Boegoe	7/6

LIKEUR:

Peperment, Perske, Appelkoes, Piesang	7/-
Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie	6/6
Van der Hum	6/6

JENIEWER (GIN):

Droë, Lemoen, Suurlemoen	7/6
------------------------------------	-----

VERKOOPVOORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaattjies, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaattjie of 5/- per kassie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die lê goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Skier kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNAKERY (EDMS.) BPK.

POSBUS 1,

VLAKTEPLAATS, K.P.



Onderwyser Uit Goudkus

Die Universiteit van Londen het 'n skema ontwerp waarvolgens studente van sy kolonies vir 'n kursus van 12 tot 18 maande 'n intensiewe opleiding aan die onderwysinstituut ondergaan. Gedurende die tyd gee hulle dan ook onderwys aan die Britse jeug. Die foto toon 'n neger van die Goudkus besig om 'n storie aan sy klas te vertel.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½ d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Enkel plasing (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellasië, 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

VERLOWING

BOTHMA — DU TOIT. — Hiermee word die verloving van Johanna, jongste dogter van mnr. en mev. P. P. du van mnr. en mev. J. J. Bothma, Laingsburg, en Frikkie tweede seun Toit (Jnr.), Wilgerbos, Koupstasie, Dist. Leeuwvlei, Laingsburg, bekend gemaak. 30/4/1B

JACOBS — STEYNBERG. — Die verloving word bekend gemaak van Rica, dogter van mnr. en mev. J. P. Steynberg, Bourkestraat 76, Graaff-Reinet, en Komdt. Sakkie Jacobs, C3b2, seun van mnr. en mev. J. P. Jacobs, Kilpkraai, Bethulle. 30/4/1B

SCHWARZENDAHL — KITCHING. — Hiermee maak ons, Margaretha (Koe-kie), jongste dogter van mnr. en mev. S. F. Kitching, en Franz, oudste seun van mnr. en mev. H. Schwarzen Dahl, albei van Johannesburg, bekend dat ons ons op die 12de April 1947 aan mekaar verloof het. 30/4/1B

KORREKSIE

In die uitgawe van 9 April het 'n huweliksadvertensie verskyn (Le Roux-Loubser). Hierdie berig moes onder die hofle „Verlovinge“ verskyn het. Die O.B. vra die paartjie hiermee om verskoning. 30/4/1

DOODBERIG

VAN DER WESTHUIZEN. — Boet van der Westhuizen, oerlede te Moorsburg in die ouderdom van 51 jaar op 17 Maart, na 'n lyding van een maand. Diep betreur deur eggenote en kinders. 30/4/1

AGENTSAPPE

VAN RIEBEEK TRUSTMAATSAPPE BEPERK. Voortrekkeweg, Bellville, bied sy bekwaam dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbaande ens. Doen aansoek by POSBUS 48. Foon 9-7222. 27/11/TK

VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Elendomme Henneman, Olendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENTSKAP, Henneman (Elenaars Alberts en Greeff). Foon 43, Telegramme „Wets.“ 16/4/TK

BENODIG

JONG SEUN vir plaashulp, gemengde boerdery. Inwoning vry. Moet O.B. wees. Ondervinding geen vereiste, slegs begeerte om te leer. Besonderhede en salaris verlang, skryf aan: M. D. MAARTENS, Jnr., Paardefontein, CEDARVILLE, Oos Griekwaland. 16/4/3

GROENTEBOER, met ondervinding, vir plaas van 16 morgen. Vaste water en daan. Klein woonhuis en twee myl van stasie. Grond nog onbewerk. Baie goeie kans vir man wat wil werk. Klimaat en grond uitstekend. Aanbeveling wenslik. Skryf aan Dr. NORTJE, VREDENDAL. 30/4/2

BOME, PLANTE EN SAAD

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blansaat 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-; Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van REMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn. 11/12/TK

HERHOLDT se geakklimatiseerde Vrughteboom en Rose groei, dra en stel tevrede vanaf Kaapland tot Zambesi, maar... die aanvraag is groot en onmiddellike bespreking is noodsaaklik vir Julie-Augustus-planttyd. Pryslyste gratis. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, Johannesburg. 19/3/TK

Saal nou vir 'n kleurvulke vertoning: Gousblom, Canyduft, Clarkia, Mignonne, 10 Weke Villette, Leeuekkies, Ridderspoor, Wallflower, 6d. per pakkie. Rense Tetra Gekartelde Leeuekkies: 2/-; Papawers: Ysland, 6d.; Carret Pragmengel, 1/-; Sandford Rouse, 1/6. Geslagles: Butterfly Hibride, 50 saadjes 5/-; Jumbo Mastodon Rense en Super Swiss, 2/6. Delfphinus: Belladonna 6d., Blackmore en Langdon 2/6; Pacific Giants 2/6; Burpees Mammoth 1/-. Groentesaad van Super Gehalte, 6d. per pakkie. Kontant met bestelling. — HERHOLDT SE SAADAFDELING, Posbus 660, JOHANNESBURG. 30/4/3

TAFELAARTAPPELS. — Pragtige, gesonde en vars Graad I teen 16/- per 140 lb.; 4/- per 35 lb.; Graad 3 teen 10/- per 140 lb.; 2/6 per 35 lb. Varkantartappels teen 4/- per 140 lb. V.O.S. Bethlehem in nuwe sakke. Leë sakke terug. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 2/4/TK

UIESAAD. — Eersteklas gesertifiseerde Uiesaad, Vroeë Kaapse Plat Geel 8/- per pond; Australiese Bruin 6/6 per pond. Posvry. K.M.B. — GERT VAN ROOYEN, Louwater, Uniondale. 12/3/TK

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ½ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waalemoen 4/-, 6/-, 10/-; Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-; Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs, Hooftweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huishoudingsgereedskap; elektriese herstelwerk aan motors, draad-, pas-, sweis- en herstelwerk aan alle masjins en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/TK

LOOIERY. — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tute, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke, Saddens, Septiese Tenks, Pylare, Voertuie, Voertuie, Engels in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

GENEESMIDDELS

BLV JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur, 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.

HAARKAPPERS

Vir 'n eerste klas haarkap besoek **ELS'S HAARKAPPER SALON**, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

VIR HORLOSIEREPARASIES spreek STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkwinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Elenaars J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eerste klas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkeweg 74, PAROW. 5805/52

TE KOOP AANGEBIED

AARBEIE. — „Laxton's Noble“ en „Everbearing“ gemengd teen 5/- per 100, £2 per 1,000. Posgeld en verpakking ekstra. — MALUTI KWEKERY, Ficksburg. 16/4/4B

AAKTAPPELS. — Goeie gesonde, Tafelartappels, teen 3/6 per sakke van 40 lbs. Ook saadartappels, derde-jaar Vaalhart, eier- en okkerneut-groottes gemengd, teen 6/6d. per sakke van 40 lb. Pryse is V.O.S. Bethal, en sluit die sakke in. — J. SPIES, Posbus 100, Bethal, Tvl. 16/4/TK

BRANDHOUT. — Swartwattel, gesaag in blokkies 1 vt.-lengte, gelewer in trok Outenikwa-Halte. — H. H. MEYER, Kleinfontein, Pk. Sinksbrug, George. 19/3/TK

GEREGISTREERDE STOETREL. — Jersey „Willowview Prince“ geteel deur Trollop, Pretoria, en grootgemaak op swaar hartwaterveld. Vyf jaar oud en is vroeg in 1944 deur veearts vir hartwater behandel. Sedertdien gesout, £65 vry op spoor Pyramidstasie. Ook sy buikalf „Erlank Secundus“, tien maande oud, ook geregistreer in Jersey-stoetboek. £25. Albei is die regte kope vir iemand in 'n hartwaterstreek. Rede vir verkoop: om intell te vermy. Skryf aan I. FERREIRA, Bus 1059, PRETORIA. 16/4/3B

Krokodilrane Oor Koning Kuier Nou Skielik Alte Swaar Werk

Allerweë word nou openlik in die Engelse pers in ons land erken dat die koninklike besoek nie 'n vakansietoer was nie, maar inderdaad die moeilikste stuk werk wat die koning nog totsover verrig het. Daar is reeds na die vertrek van die Britse staatshoof uit Engeland in die oorsese pers erken dat die doel van die koms was om die Britse konneksie nouer te haal. In Suid-Afrika is die besoek egter voorgehou as 'n vakansietoer ná „die verskriklike tyd“ wat die koning in die oorlog deurgemaak het, soos genl. Smuts dit indertyd gestel het.

Nou, na afloop van die toer, is die Engelse blaie vol oor die afgematheid van die koning, en word daar skaamtelos erken dat daar reeds van die begin af besef is dat die eise baie hoog sal wees. So verklaar die Cape Times se korrespondent verlede week:

„Volgens die mening van baie nog vóór die toer begin het, was die reisprogram deur die Unie en Rhodesië die kwaaieste wat nog ooit vir 'n koning ontwerp is. Die

HONDJES. — Pragtige, volbloed Rhodesiese pronkrughondjies met volmaakte pronke, uit geregisteerde, groot en kwaliteits ouers. Uitstekende waghonde. Reuntjies 47-70, tefies 15-5-0. K.M.B. en V.O.S. — C. VERSTER, Posbus 35, Bethlehem. 23/4/2B

HONDJES. — Vier uitstekende 2 maande oud hondjies. Twee reuntjies teen £3 elk en twee tefies teen £2 elk. Sterk gebou en baie kwaai. Moeder Boelmond/Doberman, vader Engelse Boel. Ek waarborg hul as dadelike vegters. Een pragtige Doberman/Boerboel, 18 maande oud, ligrooi kleur met wit neus. Prys £2. 'n Baie mooi en getroue hond om te besit. Almal gelewer op spoor Memel. — J. C. LUBBE, Bus 35, MEMEL. 30/4/2

JUKSKEIE. — Kopskeie 4/6, bottelskeie 3/9, agtkantige skeie 5/- per paar. — KOOS BOTHA, P's Serpentine, Dist. GEORGE. 30/4/1

SOUT. — Ek vra u vriendelike ondersteuning as jong beginner en Boerejeuglid. A1 48/-; No. 1 43/-; No. 2 38/- per ton. Alle sakke terug so goue as moontlik. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 2/4/TK8

SOUT. — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1 £2-19-0; No. 1 £2-14-0; No. 2 veesout £2-9-0. Alles per ton, vry gelaaft soutwerke. As dit moontlik is stuur lee sakke saam. 1/- afslag op elke lee sak. K.M.B. — MEV. F. DE BEER, P.K. Florisbad, Oor Bloemfontein. 30/4/8B

SOUT. — Vermindering in pryse weens tekort aan sakke. A1 4/6; No. 1 4/-; No. 2 3/6. Stuur u lee sakke, spoorvrag betaald. Tevredenheid gewaarborg. Ondersteun u mede O.B.-lede. — MEV. S. J. SLABBERT, P.K. FLORISBAD. 30/4/5B

STEENMAAKMASJINE. — „Die Kleine Wonder“ vervaardig tot 4,000 sementstene, 3 dm. x 4½ dm x 9 dm. per dag. Prys £20. Doen aansoek by u naaste handelaar of skryf direk aan: J. H. BUHR, Bus 18, HOPEFIELD. Handelsnavrae word verwelkom. Ook ander steenmasjins in voorraad. 30/4/5

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

VYF LB. GESUIKERDE VRUGTE gelewer aan vriende in Duitsland, Holland, België, Frankryk en Oostenryk vir 15/-. Terme is kontant met bestelling. — BRINK BROERS BEPERK, MONTAGU. 16/4/5

VYF-VOET-DROM RANSOME'S MIELEDORS in goeie orde, met karblaser en swaaiak teen £300. Kosteloos gelaaft op my stasie. Doen aansoek by H. J. EKSTEEN, Swartwater, P.K. Overvaal, Ermelo. 23/4/3B

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beemmel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingvoorsiening hang af van die voorsiening van beemmel. — S.A. HUNT-BEEMMEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

RADIO

LOUW EN LOUW die Siermoer Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregisteerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

G. A. FICHARDT, Bpk.
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
**MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS**
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

VIR PERSOONLIKE FRISHEID



K.W.V.
EAU de COLOGNE

Enigste Suid-Afrikaanse Distributeurs
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.

4-47

U Koop Altoos

Die Jongste Modelle

- HOEDE
- TABBERDS
- JASTE, ENS.

by —

Steyns

Die Modewinkel
PAROW

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedienen.

**Wahl, Lawrence
EN KIE.**

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellings weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Elenaar: GUSTAV RETIEF

geweldige afstande, die versengende hitte, stof en son is deur baie beskou as bokant die weerstandsvermoë van die koninklike besoekers."

Die publisiteit oor die koning se afgematheid het losgebars na sy aankoms in Rhodesië, toe gewag gemaak is van die feit dat die koning ná die program gedaan gelyk het.

ONTSTEL

Hierdie aankondiging het 'n gewekklag onder die lesers van die Engelse pers teweeggebring. „Nadat ek die portret van Sy Majesteit koning George in die Cape Times van 14 April gesien het, was ek ontsteld om te merk hoe uitgeput hy was as gevolg van die uiters veeleisende toer wat vir die koninklike gesin gereël was," aldus 'n leser wat aanbeveel dat die koning by sy terugkeer in Kaapstad alleen gelaat moet word.

'n Ander briëfskrywer stel die vraag: „Is ons nie besig om te hoë eise aan ons koninklike gesin te stel nie? Per slot van sake het ons hulle tog immers na Suid-Afrika genooi om te kom rus!"

VERWYLT L.V.'s

Nog 'n leser trek te velde teen die L.V.'s wat nou nog aan die koning voorgestel wil wees aan die einde van sy toer: „Nou dat elkeen skielik bekommerd geraak het oor die koning se gesondheid aan die einde van hul veeleisende reis, is dit werklik nodig dat ekstra funksies op die laaste minuut ingedruk moet word om die grille van ons L.V.'s wat nog nie aan die koning voorgestel is nie, te pas?"

PROPAGANDA

Hierdie besorgdheid van die Engelse pers aan die einde van die koninklike „vakansie“, is natuurlik 'n propagandastreek wat te meer beskamd is weens die feit dat hulle 'n droewige gesig vertoon oor iets wat hulle vooraf bewys van was. Nadat hulle die Empire bouwerk bygestaan het met hul opulstering van die koning, word die bouwerk nou afgerond met 'n beroep op die menslike meegevoel. Die laaste indruk wat 'n trae Kaapstadse publiek van die koning moet wegdra, moet een wees van bewondering vir en medelye met die vors wat soveel opgeoffer het vir 'n knynende Ryk. Sulke opoffering is darem 'n bietjie loyaliteit werd — dit is min of meer die doel met die krokodilrane.

BONATUURLIK

Daarby kom nou nog dat die koning voorgestel word as 'n soort bomenslike wese wat te bewonder is vir sy uithoudingsvermoë, soos blyk uit die onderstaande aanhaling uit die Cape Times

„Gelukkig is die koninklike familie bestand teen openbare beproewings wat meeste van ons nietiger sterflinge sou neergevel het."

Abessinië Se Vryheid 'n Terugwaartse Stap

Bekende Joernalis se Mening

Namate die gevoel teen Rusland oplaai, kom daar al meer erkennings dat die vroom propaganda vir die afgelope oorlog 'n kolossale stuk bedrog was wat duisende jongmanne na 'n vrugtelose dood mislei en die wêreld in 'n groter krisis gestort het as die een waarvoor die oorlog dan 'n oplossing moes wees.

In 'n onlangse uitgawe behandel die Overseas Intelligence Digest, onder die bekwame redaksie van Kenneth de Courcy, die vraagstuk van Abessinië en Eritrea, en erken dan openlik dat hierdie deel van die wêreld nou oopgegooi is vir Russiese invloed, en dat Abessinië 'n agterlike land is wat groot baat onder Italiaanse bewind gevind het.

Die blad verset hom teen die uitgesproke plan van Bevin om Eritrea aan Abessinië af te staan. Hy beskou die gebied as uiters belangrik vir strategiese doeleindes, geskik vir groot vloot- en lugbasisse. „Indien dit aan Abessinië oorhandig word, 'n land wat geleidelik meer vyandiggesind teenoor Engeland raak, waar 'n groot Russiese sending sy invloed versprei, sal die strategiese gevolge eendag nog baie ernstig wees. Op die oomblik word die Russiese invloed nog net deur die Amerikaners in bedwang gehou, wat groot lenings aan die keiser gegee het. Maar die uitbreiding van Russiese invloed mag nie onderskat word nie. Die Sowjet is besig om alles in sy vermoë te doen om daar 'n land op te bou wat vyandig sal wees teenoor die Angelsaksers. Indien Abessinië gesag verkry oor Eritrea, sal dit 'n baie ernstige saak wees.”

TIMOSJENKO

In Junie verlede jaar het die O.B. uit gesaghebbende bron berig dat die beroemde Russiese maarskalk Timosjenko in Abessinië is as „gesant” met 'n lywige personeel van 75 lede, tesame met 'n groot mediese sending wat dwarsdeur die land „hospitaaldienste” verrig.

Die blad verklaar voorts dat die keiser Eritrea eis as skadevergoeding vir Mussolini se oorlog, en sê dat albei kante wrede metodes aangewend het. „Dit sal egter baie moeilik gaan om te beweer dat afgesien van slagting en dierlikheid — die Italianers het gifgas gebruik en die Abessiniërs ander metodes

Operasie om Misdadigheid Teen te Werk

Amerikaanse dokters het probeer om misdadige neigings by misdadigers te oorkom deur 'n operasie op die brein uit te voer. 'n Veroordeelde Wright, het onlangs die regter versoek om hom toe te laat om 'n breinoperasie te ondergaan sodat hy nie weer lus sal kry om te steel nie.

'n Snyder dokter het daarop die twee voorste gedeeltes van sy brein van mekaar geskei om die geestelike dryfkrag van die pasiënt te verminder. Of die operasie die gewenste uitwerking sal hê, moet nog bewys word. Dokters meen dat Wright voortaan geen denkvermoë sal hê nie.

— die land slegter daaraan toe is as gevolg van die oorlog. Ekonomies het hy geweldig gebaat.

„GEWELDIGE BATE”

„Die paaie alleen is 'n geweldige bate. Ongelukkig is baie van die moderne dorpe wat gebou is in die plek van die kleigehugte wat deur die gevegte verwoes is, nou verrenwee. Sedert die Abessiniërs hul onafhanklikheid teruggekry het, het hulle baie eienaardig opgetree. In Dessie, by voorbeeld, het dit hulle net drie maande geneem om die water, elektrisiteits- en dreineringsstelsel af te breek. Verder het hulle baie deure en vensters van blanke wonings en woonstelle verwyder en dit vir vuurmaakhout gebruik. In baie gevalle het hulle die onderste deel van die wonings betrek terwyl hulle die boonste verdiepings gebruik vir hul bokke. Abessinië is inderdaad 'n agterlike land.”

Die laaste paragraaf is terselfdertyd 'n krasse veroordeling van die Unie se oorlogspoging deur wie se strydsmagte en lewensverliese Haile Selassie weer op die troon geplaas is om sy land tot barbaardom te laat terugval.

MOET GEES AAN BRAND HOU

Om die geesdrif wat die koning se besoek onder die lojales aan die brand gestee het hoog te hou tot tyd en wyl die algemene verkiesing verby is, sal veldm. Montgomery die Unie nog vanjaar besoek. Mnr. J. H. Hofmeyr het verlede week die gerug dat veldm. Montgomery na die Unie kom, bevestig, maar ontken dat Churchill na die Unie kom.

Word Gek Van Praatjies

In die Britse Laerhuis het 'n toeskouer verlede week van sy kop af geraak nadat hy geluister het na die trae gang van sy land se wetgewende vergadering. Hy het in die middel van die debat opgespring en uitge-roep: „Daar sal burgeroorlog in hierdie land kom as die snelheidsbeperking van dertig myl per uur nie op alle paaie in die land toegepas word nie!” Hy is daarop deur die bewakers van die parlement na buite gesleep.

BUITENSPORIGE GESKENK VAN DIAMANTE

Toe die Britse koning en sy gesin Suid-Afrika verlede week verlaat het, het hulle sakke eintlik bol gestaan van al die diamantgeskenke wat hulle van die Unie-regering en bewonderaars ontvang het. Na berekening het hierdie diamante, wat 545 in getal is, 'n totale waarde van min of meer £30,000 (ongeslyp) verteenwoordig. In verwerkte vorm kan die waarde maklik £100,000 oorskry.

Met haar 21e verjaardag het die regering aan prinses Elizabeth 87 diamante ter waarde van £16,000 (ongeslyp) gegee. Dit is in 'n halsnoer saamgebundel en die gewig is 90.69 karaat.

Met die juwele-geskenk aan die prinses tydens haar verjaardag, het die Unie-regering selfs die regering van Brittanje in lojaliteit oortref wat die prinses geen geskenk aangebied het nie.

SIGARETDOOS

Voor sy vertrek het die Britse koning 399 geslypte diamante ontvang. Dit is in 'n goue dosie aan hom oorhandig wat hy glo sal gebruik as 'n sigaret-doo.

Ook die koningin en prinses Margaret het nie vergeet gebly nie. Benewens 'n goue teeservies het die koningin 'n groot geslypte diamant van 8 karaat ontvang. Prinses Margaret het altesaam 53 diamante ontvang.

Die diamante wat aan die vorstehuis geskenk is kom almal van Alexanderbaai en was deel van die regering se diamant-versameling van £3,500,000. Die totale gewig van die diamante is 193 karaat.

A.N.S. se Vlag Hang Halfstok Op Verjaardag

POTCHEFSTROOM. — Op 21 April, om 9 v.m., is op die terrein van die P.U.K. vir C.H.O. 'n vierkleur halfstok gehys, ter geleentheid van die Britse prinses se verjaardag. Die plegtigheid het gestaan onder bevel van die A.N.S.-tak van P.U.K.

Nadat die vlag gehys is, het mnr. J. H. Coetzee, staflid aan die universiteit, die woord geneem. Hy het gewys op die betekenis van die koningsbesoek aan ons land; hoe „dankbaar” ons volk is vir alles wat die Britse koning nog tot dusver vir ons beteken het. „Die Britse koning, in wie se naam die Kaap in vroeëre jare geannekseer is, in wie se naam Natal geannekseer is, in wie se naam die Republieke Oranje-Vrystaat en Transvaal „onder die beskerming van die beskermmer van klein nasies geplaas is, in wie se naam grafte vir 26,000 vroue en kinders in ons land gegrawe is, en in wie se naam ons 'n „vrye parlement” ontvang het. Kan ons dan nie vry regeer nie, het ons tog 'n vrye opposisie?” het spr. gesê. Hy het voortgegaan en gewys op die „gasvryheid” van ons volk. „Nieteenstaande alles wat ek sover genoem het, en nieteenstaande die feit dat daar vandag nog 16 van ons mense in Pretoria Sentrale Gevangenis opgesluit sit, is ons nogtans so gasvry dat ons die koning hier ontvang op ons staatsbankette, en dat ons dit bywoon en daar aan hom 'n „humble address of welcome” aanbied. Dit alles doen ons teen die agtergrond van die drade van Koffiefontein wat nog nie afgebreek is nie, en Pretoria Sentrale Gevangenis wat nog nie leegge-loop is nie.”

DIAMANTE

Met verwysing na die prinses het mnr. Coetzee die volgende gesê: „Vandag aanskou die prinses duisende ponde se diamante wat haar aangebied is as 'n geskenk. In dieselfde gebied waar daardie diamante vandaan kom kan die spoorweë nie uitgebrei word nie, en kan ons nywerhede gevolglik nie groter opgebou word nie, weens gebrek

aan geld. Ook ons werkers kan geen verhoging kry nie. So ver- eer ons vandag ons kroonprinses!”

„Die vlag hang vandag halfstok,” het spr. vervolg. „Volgens besluit sal die A.N.S. se vlag bly halfstok hang, totdat ... die res kan uself maar aanvul. Ons sien egter intussen uit na die dag wanneer die A.N.S. se vlag bo-aan die paal sal wapper, en dan nie 'n saamgestelde vlag waarin ook die simbool van ons veroweraar in pryk nie, maar 'n vlag wat sal simboliseer, ons absolute vryheid, en ook ons innerlike vryheid,” het spreker onder toejuiging besluit.

Die voorsitter, mnr. B. Spoelstra, het spr. kortliks bedank vir sy woorde, en daarna is die vergadering stil uiteen. Mnr. Coetzee is ook die huidige jeugkommandant van Potchefstroom en neem ook waar as wag-offisier. — (Korr.)

Naturel Weier Medalje

Mnr. B. J. Stander, Geelhoutkloof, oor Vaalwater, Tvl., skryf:

Die Dept. van Onderwys het aan ons skool, Steenbokpan in die distrik Waterberg, 'n klomp koperstukke gestuur om aan ons kinders uit te deel, waarop die simbool van ons verdrukking se kop staan. Wat die Dept. daarmee bedoel, weet ons nie. Daar is baie ander plekke waar dit heen kon gestuur word, bv. Zoeloeland, Swasieland en Betsjoeanaland. Dit is absoluut 'n vernedering vir ons kinders. Ek wou dit aan 'n Nyasaland-kaffer gee wat by my werk, maar hy het geweier om dit te neem. Hy sê koning George het baie van hulle mense laat doodskiet. Hy wil hom nie sien nie.

INTEKENING OP „DIE O.B.”

Dit kom dikwels onder ons aandag dat persone wat „Die O.B.” van vriende ontvang en graag gereelde intekenare op die blad wil word, nie weet waar om in te teken nie.

Vir die gerief van sulke persone plaas ons die nodige inteken-vorm hieronder. Voltooi net die vorm en pos dit saam met die intekengeld van 10/- per jaar (of 5/- vir ses maande) aan: Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 28, Stellenbosch.

INTEKENVORM

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,

VOORSLAG (EDMS.) BEPERK.

POSBUS 28 — STELLENBOSCH.

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „DIE O.B.” tot ek u kennis gee om die intekening te staak. Ek sluit die bedrag van £ : : vir die eerste twaalf/ses* maande hierby in.

NAAM (Blokletters)

POSADRES

Datum

Handtekening.

*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

Duisende Immigrante Kom Land Ongekeur Binne

Die berig in Die O.B. etlike weke gelede waarin aangetoon is dat die sogenaamde immigrante wat in die Unie tot dusver aangekom het, glad nie gekeur is nie maar die raap en skraap van die Europese ghetto's is, word baie dik onderstreep deur 'n gesagvolle verklaring van die betrokke owerheid aan Die O.B., dat die immigrante wat tot dusver in die Unie aangespoel het, nie onder die skema van die regering val nie maar op hul eie na Suid-Afrika gekom het. By die owerheid staan hulle bekend as „passasiers.” Die eerste immigrant wat „gekeur” sou wees, kom eersdaags met die Carnarvon Castle aan.

Die regering het 'n paar skepe in hande gekry om immigrante wat sy komitee in Engeland aanbeveel, na Suid-Afrika te bring. Na verneem word sal die eerste 800 eersdaags in Kaapstad aan wal stap. Die regering was verlede week nog nie amptelik in kennis gestel van die aantal immigrante wat met hierdie skip sal aankom nie. Hulle word beskou as die eerste groep immigrante wat onder die regering se nuwe skema val.

Sedert die propaganda-veldtog vir immigrante het daar egter al verskeie duisende persone op hul eie na Suid-Afrika gekom oor wie geen beheer uitgeoefen is nie. Hulle is persone wat, soos alle jare voor die oorlog, na willekeur na Suid-Afrika uitgekome het om 'n winsgewender bestaan hier te

maak as in hul eie vaderland — as hulle voorheen een gehad het.

MIN VAKMANNE

In die volksraad het die regering aangekondig dat daar verlede jaar tot aan die einde van November, 9,647 van hierdie tipe immigrante die land ingekom het. Van hulle was net 1,158 vakmanne. Die kantoor van Sensus en Statistiek deel mee dat gedurende Desember 1,609 persone die aansoekvorm om permanent hier te woon, onderteken het. Hulle is nie in staat om syfers vir die afgelope drie maande te verstrek nie. Die Engelse pers het egter van tyd tot tyd wanneer 'n skip in Kaapstad anker gooi, aangekondig hoeveel passasiers daar op die skip is wat hulself as im-

migrante beskou. Na berekening is dit ver meer as tweeduizend wat net in Kaapstad geland het.

VOORBEELD

Die tipe immigrant wat ons kuste oorspoel, word duidelik geïllustreer deur die immigrante wat teen die middel van hierdie maand met die Levant in Durban aangekom het. Uit 'n totaal van 103 was 96 uit Cyprus afkomstig en die ander sewe uit Griekeland. Hulle sou „Brits-gebore” onderdane wees. Slegs vier-en-sestig van hierdie „pulk” immigrante het werk in die Unie gehad.

Inmiddels is daar nog duisende persone wat voorgee reisigers te wees. Teenoor hulle, so is amptelik verklaar, word die immigrasiewette nie so streng toegepas nie. Daar is egter erken dat baie persone van hierdie reisigers-vyblad gebruik maak om hulle in die Unie te vestig nadat hulle verlof ontvang het om die land te deurreis. Baie doen daarna aansoek om permanente verblyf. Op grond van die feit dat hulle reeds as reisigers toegelaat is, is dit moeilik om hulle te verbied om permanent hier te woon.

Dit is ook bekend dat daar tienduizende immigrante in die land is van wie geen rekenskap gegee kan word nie. Hulle het eenvoudig as tydelike vlugtelinge die land binne gekom en later gevestig geraak, terwyl andere eenvoudig onwettig oor die grense gekom het. Dat dit so is, is bewys deur die syfers van die voedselorganisasie wat openbaar het dat daar in Kaapstad en omstreke 100,000 meer mense is as wat die sensus toon. Toe dit by die kwessie van voedsel kom, het hierdie mense hulle aangemeld, terwyl hulle plat gelê het vir die sensus. Dieselfde verskynsel het hom in Johannesburg geopenbaar, waar ruim 50,000 meer eters geregistreer is as inwoners.

Die vraag is of die regering gaan ondersoek instel na hierdie merkwaardige verskynsel.

OORLEDENES

Uit 'n onlangse immigrasie-ondersoek het dit aan die lig gekom dat daar Indiërs is wat gebruik maak van die sertifikate van Indiërs wat reeds dood is en sodoende op onwettige wyse hier inkom en as handelaars in die Unie leef. In die jongste verlede is 'n Indiër wat van hierdie wandaad aangekla is, na Indië gedeporteer.

Immigrasie deskundiges is van mening dat die wet wat bepaal dat Indiër-kindere onder sestig jaar Suid-Afrika kan binnekom as hul vaders hier is, gewysig behoort te word sodat dit nie moontlik is om kinders ouer as een jaar die land te laat inkom nie. Dit sal die praktyk van Indiërs om kinders aan te neem en voor te gee dat dit hul eie kinders is, bemoeilik.

KUNSMATIGE AANWAS

Nou het dit aan die lig gekom dat van hierdie Indiërs kinders in Indië aanneem en dit saam

Mans Wil „Skonere Geslag” Word Middels al Bemerk Vir Slanke Lyn

In die afgelope twintigtal jare het vrouens die plek en die terrein wat voorheen vir die man afgebaken was, betree en haar daar so tuis gemaak dat dit vandag lyk of sy daar tuis hoort. Sy het die man se werk uit sy hande geneem, haar hand in sy sak gestek en van sy sigarette begin rook, en sy broek uit sy hangkas gehaal en dit aangetrek.

Sy het haar hare so kort soos syne geknip. So alledaags het hierdie gebruike geword dat ons reeds daaraan gewoon geraak het — die s.g. emansipasie van die vrou.

Nou is daar 'n ander soort emansipasie aan die gang. Dit is dié van die man wat besig is om sy „grofheid” te verloor en so fyntjies soos sy vrou te word. Hy begin haar reukwater te gebruik, besoek die mode-salon waar hy sy hare laat was en krul net so gereed as die vrou self. Mens kry lus om te lag, maar tog is dit waar.

REUKWATER

Het u al 'n man teëgekome wat van veraf na reukwater ruik? Dit het 'n algemene gebruik geword. Mans is al meer en meer besig om van skoonheidsmiddels wat ons land binnekom en hier plaaslik vervaardig word, gebruik te maak. Haarkappers en die dames agter toilet-toonbanke vind dat hulle in die afgelope jare nuwe klandisie trek wat hulle nooit voorheen gehad het nie en dat hulle skoonheidsbehandelings

op mans toepas wat voorheen net op vroue uitgevoer is.

Iets wat voorheen ongekend was, is dat mans hulle hare by haarkappers laat was en krul. Haarkappers vertel dat daar mans is wat gereeld een maal per week hierdie behandeling kom ontvang. Grys hare word geverf en pommades word in die vel ingevryf om die aansien te laat verbeter. Besondere haarstyle word ontwerp en skoonheidsdeskundiges moet voorligting gee oor watter geur reukwater binnehuis en watter buitenshuis gebruik moet word.

BORSROKKE

Haarkappers meen dat dit in navolging is van die Amerikaanse gebruik waar dit nie meer 'n ongewone verskynsel is nie.

Manswinkels het onlangs uit Amerika kwotasies ontvang vir borsrokke. Dit sou dan spesiaal vir mans bedoel wees. Hierdie firmas probeer om die dra daarvan deur mans aan te moedig.

Dit lyk of dit nog 'n kwessie van tyd sal wees voordat die man weer 'n rok sal dra.

Regering Wysig Beleid Teenoor Duitsland

Die regering het besluit om die onmiddellike repatriasie van die Duitse seelui wat vandag in Durban moes skeep gegaan het, vir 'n onbepaalde tyd uit te stel. Opdrag is aan die immigrasie-owerhede gegee om ondersoek in te stel watter Duitsers hier kan bly en watter nie.

In die volksraad het die Minister van Finansies, mnr. J. H. Hofmeyr, verklaar dat die regering besluit het om die vertrek van die Duitse seemanne te kanselleer omdat dit nou blyk dat baie van die manne bang is om na hul vaderland terug te keer vanweë die ellende wat daar heers. Ander wat tydelik werk in die Unie aanvaar het, is begerig om die werk te behou.

In die afgelope weke het dit duidelik begin word dat die regering se wraakbeleid teenoor Duitsland nie meer in dieselfde tempo voortgesit word soos voorheen nie. Dit moet hoofsaaklik gewyt word aan die feit dat die werklike toedrag van sake in Europa waar Stalin die septe swaai en besig is om die „hart van Europa” in te palm, tot die besef van die Eerste Minister deurgedring het.

DUITSERS WELKOM

Nie alleen was genl. Smuts in sy onlangse uitlatings baie pessimisties oor die toestand in Europa nie, maar hy het ook te kenne gegee dat die moontlikheid oorweeg word om Duitse tegnici na Suid-Afrika toe te laat. In sy vorige verklarings het die regering nog altyd duidelik laat verstaan dat hy geen Duitsers in Suid-Afrika wil hê nie.

Die getalm met die uitvoer van die besluit van die Deportasie-kommissie waarin aanbeveel is hoeveel Suidwes-Duitsers na Duitsland gedeporteer moet word, staan ook in die lig van die veranderde beleid en houding van die regering ten opsigte van Duitsland.

Arthur Barlow se weekblad erken ook hierdie veranderde houding en verklaar dat dit wenslik is dat hier soveel Duitsers as moontlik moet wees in geval van 'n oorlog met Rusland.

Blykbaar het die Westerse moondhede besluit om Rusland se voorbeeld te volg, wat soveel Duitsers as moontlik in die Rooi Leër druk.

Spesiale Huisvesting Vir Vreemdes

Onderwyl huisloses in Kaapstad tevrede moet wees om in kamertjies wat deur natuurlike bediendes ontruim is, te woon, sal die immigrante van die regering gerieflik kan gaan woon in die militêre kamp te Wynberg waar die Departement van Openbare Werke besig is om meer as 150 geboue op te rig waar die immigrante hulle sal kan gaan vestig wanneer hulle in Kaapstad aankom.

In Kaapstad is daar op die oomblik byna agtduisend persone wat by die kontroleur aansoek gedoen het om huise. Slegs 'n klein persentasie word maan-

deliks gehelp terwyl die aantal wat aansoek doen, van maand tot maand nog meer word.

Of die Smutsbewind in staat sal wees om sy stief-beleid ten opsigte van landseuns nog baie lank voort te sit op die rug van Britse sentiment, is te betwyfel as die opmerkings onder sy „eie mense” oor hierdie afskeperij eg is.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.